Tema: God het jou die beste van sy skepping gemaak om daaroor te regeer tot eer van sy Naam.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 19-1: 1, 2
Ps. 33-1: 7, 8, 9

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 33-1: 11
Votum (uit Ps. 104: 1)
Seën
Loflied Ps. 8-1: 1, 2, 3, 4
Geloofsbelydenis: NGB artikel 12

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing uit Gen. 1: 26 - 2: 4
Sing Ps. 104-2: 8, 12, 16, 17
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Psalm 8
Romeine 3: 9 - 18
Romeine 8: 18 – 25
Teks: Psalm 8
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Lied 464: 1, 3, 4
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite (dank vir groei en uitbreiding van die koninkryk)
Sing Ps. 8-1: 5, 6, 7
Seën
Amenlied Sb13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Met die lees van Psalm 8 kom die volgende prentjie in my kop: ek sien ‘n gelowige wat by God’s Window in Mpumalanga op die pragtige en hoë berge staan en oor die Laeveld uitkyk en absoluut aangegryp word deur die grootsheid en prag daarvan en nie anders kan as om te besef hoe groot en wonderlike is die Here dat Hy dit alles kon geskep het nie. (wys skyfie 1 – 4)

En dan word dit donker en daardie persoon kyk op (wys skyfie 5 – 9) na die hemel! Na die ongelooflike maan en sterrehemel en word deur die grootsheid daarvan aangegryp en bely: hoe wonderlik is dit nie dat God elkeen van hulle met sy eie vingers op hulle plek gesit het nie.! Hoe groot en magtig is die Here nie!

En wanneer ons deur ’n teleskoop kyk dan kan ons tot in die verre ruimte insien – duisende ligjare ver – om die sterrestelsel – soos die sewe susters – en ander sonnestelsels te sien! Onbeskryflik groot en ver en mooi!

Geliefdes, wie sal dan nie ook soos Dawid vra: “O Here, wat is die mens dan?” Wat is die nietige mens in vergelyking met die grootheid van die skepping wat die vinger na God wys en getuig van die grootheid, majesteit en heerlikheid van die Here wat duidelik word oor die ganse aarde! **Want wat is daar nie nog alles nie wat van God se grootheid getuig nie!** Die oseane met alles wat daarin wemel, die bosse en natuur en dierelewe en voëls - alles om God se Naam groot te maak!
Ja, Here, wie en wat is ek dan?

En dan kom die antwoord en dit is ook die boodskap vanmore: Jy, mens, God het jou die beste van sy skepping gemaak om daaroor te regeer tot eer van sy Naam! Dit is wie jy is!

Die mens is kroon – die toppunt, die beste – van God se skeppingswerk! In vers 6 word beskryf wie ons as mense is! Ons lees ons dat die Here ons “net ’n bietjie minder as ’n goddelike wese gemaak het” Die Hebreeuse woord “elohim” wat daar met “goddelike” vertaal word, is dieselfde woord wat vir God se Naam gebruik word. Die 1983 vertaal dit met hemelse wese – maar dit dui meer op goddelike wese – meer as die hemelse wesens, die engele en gerubs! So wonderlik het God die mens geskape! Net bietjie minder as ’n goddelike wese!

Die Here het aan die mens heerlikheid gegee! “Heerlikheid” is so ’n moeilike woord om te beskryf! Grootsheid, krag, koninklike majesteit en dit in oorvloedige mate. Die Here het nie net heerlikheid aan ons gegee nie maar ook “eer”! Die woord wat hier vir “eer” gebruik word dui op koninklike hoogheid en waarde! **Ja ons is gekroon tot konings van die skepping! Die Here het ons van die beste kwaliteit gemaak!**

Leer ons dan nie in Genesis 1 en 2 dat die mens na die beeld van God geskape is nie! Dit beteken nie dat ons soos God lyk nie, maar dat die mens die enige geskape wese is wat goddelike eienskappe het. Dan kan dit tog nie anders dat ons ook deel aan goddelike heerlikheid en eer nie!

In Ps. 8: 7 en 8 word <u>die doel</u> gegee waarom die Here die mens so wonderlik, as die beste van sy skepping gemaak het. <u>Ons moet oor die skepping regeer – oor die diere, die natuur en die ganse skepping!</u>
Hierdie verse herinner so sterk aan Genesis 1 Genesis 1:26–28 (wys skyfie 10 - dat ons die ooreenkoms kan sien)
[26]Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." [27]God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. [28] Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."

Maar, brs en srs, wanneer ons vandag na die mensdom kyk – dan lyk die mens nie meer so nie! Ons dra nie meer ons krone nie, ons lyk nie meer soos die beste van God se skepping nie – inteendeel <u>– in vergelyking met die natuur lyk ons na die slegste en swakste van God se skepping!</u> Miskien was dit juis die rede waarom Dawid vra: **Here, wat is die mens dan? Ons lyk nie meer soos God se bestes nie! Ons dra nie meer die beeld van ons Skepper nie!**

Ons dade getuig nie meer van koninklike heerlikheid en eer nie! Nee, die werk van ons hande lyk sleg! Wanneer 'n mens kyk na wat die mens vandag met die skepping en die natuur aanvang, hoe die mens dit in selfsug verwoes en verniel, dan lyk die mens eerder na die natuur se grootste vyand in plaas van na sy heerser wat dit moes versorg, bewerk en oppas!

Ja, die prentjie wat Romeine 8 vir ons teken lyk nie goed nie! Die skepping huil oor alles wat verwoes en verniel en uitgewis word. Die natuur, die diere, die voëls in die lug en visse in die see verlang daarna dat God uitkom sal bring!

Uitkoms waarvan? Van die in sonde gevalle mens! Daarvan het ons in Romeine 3 gelees! **Van die mens wat in selfsug soos God wou wees** – nie meer God se Naam wou groot maak en God verheerlik nie – maar wat self soos God wou wees en daarmee in die grootste ellende geval het en die skepping saam met hom getrek het! **Die sonde het die heerlikheid en eer van die mens weggeneem!** <u>Die kroon is in Genesis 3 verruil vir 'n skamele voorskoot van dierevelle! Dit eer en die heerlikheid het plek gemaak vir die stof en sweet van harde werk!</u> Die aarde, die natuur bring nou dorings en peste en plae, natuurrampe en ongeluk vir die mens voort!

Nou kom die vraag by ’n mens op: maar hoekom kan Dawid so wonderlik sing oor die mens as die kroon van God se skepping! Dit was tog alreeds in sy tyd so ellendig as wat dit vandag is! Die antwoord: die Here het reeds aan Dawid die wonderlike van die evangelie van God se redding geopenbaar!

Ons lees daarvan in vers 5: “wat is die mens dan dat U aan hom **dink**, die mensekind dat U na hom **omsien**?” Br en sr, die wonderlike nuus lê opgesluit in die twee woorde “dink” en “omsien” of letterlik “besoek”.

Die Here het aan die mens gedink. Die Here het die mens “onthou”. God het die mens wat so diep in sy sonde en ellende geval het, onthou en aan ons gedink! Die woord “dink” het ’n pragtige betekenis: **dit dui daarop om aan iemand te dink met die doel om op ’n gepaste wyse te reageer!** Dit dui verder op ’n **innerlike beweging wat in jou wakker word wanneer jy aan daardie persoon dink**! Nou kry die woorde van Johannes 3: 16 sommer nuwe betekenis: 1God het die wêreld so lief gehad.....’

Ons Skepper het in liefde gedink aan sy skepsels wat in sonde geval het en wat besig is om die skepping te verwoes en daarom gryp God in om te keer dat sy oorspronklike plan met ons nie verlore gaan nie!
God wil dat die mens die kroon van die skepping bly en dat die mens sy opdrag uitvoer om so oor die aarde te heers dat God se naam verheerlik kan word! God wil aan die mens weer heerlikheid en eer gee – dit wat die sonde van hom gesteel het! God wil weer die kroon op die kop sit en die koninklike septer in die hand.

Daarom dat God die mens “besoek”! Die woord wat Dawid hier in vers 5 gebruik vir “besoek” beteken ook “omsien” – soos die 1983 vertaling vertaal het. Die Here het na die mens kom omsien – vir ons kom sorg! **Letterlik beteken die woord “om ’n mindere te besoek deur toesig uit te oefen en ’n aksie te neem wat die mindere se toestand dramaties sal verander!!!!**

En geliefdes, is dit nie presies wat God in Jesus Christus gedoen het nie?!! God het ons in Christus besoek en ons toestand dramaties verander. Hoor weer Johannes 3: 16 So lief het God die wêreld gehad **dat Hy sy enigste Seun gegee het**...”. God self kom besoek die in sonde gevalle mens in en deur Jesus Christus en kom herstel dit wat ons verwoes het! God het ons uit die stof en as kom optel en ons weer konings en koninginne kom maak!

Ons lees in Heb. 2:6 –11 oor die Christus die volgende: (Skyfie 11 – lees saam met my)
6Inteendeel, iemand het êrens getuig en gesê: “Wat is ’n mens dat U aan hom dink,
’n mensekind dat U na hom omsien? 7U het hom ’n kort tydjie minder as die engele gemaak; U het hom met heerlikheid en eer gekroon; 8U het alles aan hom

onderwerp." By die onderwerping van alle dinge aan die mens is niks uitgesluit nie. Alles is aan hom onderwerp. Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie.
9Maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood. Hy is 'n kort tydjie minder gemaak as die engele, sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe.
10God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heerlikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring. 11Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. **Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie."**

Geliefde br. en sr, God het jou heerlikheid en eer as die beste van sy skepping in Christus kom teruggee. Die kroon is weer op ons koppe gesit! Omdat ons in Christus vernuwe word tot die beeld van God, is ons weer die kroon van God se skepping! Ons deel nou weer die eer en heerlikheid van Psalm 8 waaroor Dawid so liries raak!

Nooit, nooit om ons eie eer of heerlikheid te soek of te dien nie – maar alleen die eer en heerlikheid van God ons Skepper – Ons vertoon hierdie eer en heerlikheid en is weer die kroon van God se skepping **solank ons dit in verhouding tot God doen!** Vir solank ons in Christus glo en uit sy genade leef - vir solank kan ons weer die beste van God se skepping wees! Is dit nie wonderlik dat Heb. 2 vers 11 sê dat Christus Hom nie skaam om ons sy broers en susters te noem nie! Want ons is die beste van God se skepping deur sy genade alleen.

En hoe meer ons in Christus leef – hoe meer kan ons sy heerlikheid vertoon! Want Hy werk dit deur die Heilige Gees in ons lewe! Die Heilige Gees laat ons weer leef en werk soos God wil! In 2 Kor. 3 leer ons dat die Heilige Gees ons herskep om weer die heerlikheid van Christus te vertoon!

Br en sr en liewe kinders, weet julle wat dit beteken?
Dit beteken ons is die beste van God se skepping om daaroor te heers tot sy eer. Ek en jy moet nou weer soos God oorspronklik bedoel het en soos Dawid daaroor sing: **heers tot opbou, bewaring en vernuwing van God se skepping! Dit is ons heerlike verantwoordelikheid om deur die manier waarop ons lewe en werk.**

Om met jou gehoorsaamheid aan God en jou lewe volgens die Gees weer God se beste van sy skepping te wees en sy Naam groot te maak. Vers 2 en 10 wat Psalm 8 omraam en waarin die grootheid van God se naam besing word, het 'n **missionere bedoeling! Ons** moet nou weer die kroondraers van God se heerlikheid wees! Met hoe ons lewe in ons persoonlike verhouding met die Here, hoe ons omgee vir ons medemens en hoe ons die natuur beskerm en versorg en

verantwoordelik benut – daarmee moet ons die heerlikheid van die Here se naam verder dra!

Geliefdes, kom ons besef weer opnuut hoe groot die liefde en genade van God in ons lewe is. Dat Hy aan my en jou gedink het en ons in Christus besoek het. Dat ons nou deur ons geloof in Christus en deur ons lewe onder leiding van die Heilige Gees regtig weer die beste van God se skepping kan wees! Dat jy iemand is vir wie Jesus Hom nie skaam nie! Wat ŉ genade en watter voorreg!
Dit laat jou waarlik weer vra: Here, wie is ek dan dat U aan my dink en by besoek het?

Dra dan jou Godgegewe kroon met nederigheid en met eer en heerlikheid! Leef elke dag soos die beste van God se skepping – nie omdat jy dit uit jouself is nie – maar omdat Christus deur sy Gees in jou woon. Wat ŉ eer en voorreg om die beste van die skepping te wees! Om te weet dat Jesus Hom nie skaam om my en jou sy broer en suster te noem nie.

Maar saam met die eer kom groot verantwoordelikheid! As ek die beste van die skepping is, dan moet ek so leef! Geliefdes, kom ons besef opnuut die geweldige verantwoordelikheid van ons opdrag volgens vers 7 en 8! Kom ons pak dit met geloof aan. Ek en jy – ons as gelowiges – is die enigstes wat hierdie verskil aan die wêreld kan maak! Dit help nie ons kla oor mense wat besig is met verwoestingswerk in die natuur en aan mense, maar ons doen niks om positief te regeer nie!

God roep ons om die beste van sy skepping te wees. Ons leef nie net vir onsself nie – **ons leef vir ons onderdane: die skepping, die diere, die visse en die voëls! Dit klink vreemd nê? Die diere en natuur as ons onderdane – ons moet hulle liefhê, versorg en beskerm en verantwoordelik benut. Wat doen ek en jy met ons diere en ons stukkie aarde? Wat doen ons met ons afvalmateriaal en vernietigende brandstofnalatingskap? Wat doen ons om skoon te hou en uit te bou? Hoe bewaar ons die natuur en beskerm diere? Hoe koop en verbruik ons diereprodukte – op verantwoordelike en volhoubare manier?**

Geliefdes, kom ons wees die beste met ons oog op die horison – want God kom weer en sal ons in genade beloon met ŉ nuwe aarde waarvan ons die konings en koninginne kan wees! Daar sal ons weer die volle eer en glorie van God kan sien en saam met Hom op die troon sit en regeer oor ŉ aarde en skepping en natuur nog mooier en heerliker as wat ons vandag kan sien.

Amen

Kom ons sing nou tot eer van die Here en wat Hy aan ons gedoen het uit Lied 464